

SKOLENuus

Waarderingsweek by Hoërskool Heilbron

Gedurende verlede week se Onniewaarderingsweek by Hoërskool Heilbron het die skool se Facebook-blad gegons van elke dag se gebeurtenisse. Heilbron Herald het in laasweek se koerant berig oor hoe die week verloop het. Daar was ook foto's geplaas oor hoe kreatief die leerders aangetrek het. Deur die loop van die week is die leerders dopgehou om wenners te kies en hulle is Vrydag

aangekondig. Die keuses was maar moeilik - die leerders het uitgehaal en behoorlik gewys wat in hulle steek. Op die foto's onder verskyn die wenners wat aangewys is. 'n Foto voorbeeld van die kategorie waarin hulle deelgeneem het verskyn links van die wenfoto. Die leerders het baie moeite gedurende die week gedoen en die Bronnie Onnies waardeur dit opreg.



Rata Monyai



Juf Magda Kruger en Rata Monyai



Christine Hendriks



Juf Saret Viljoen en Christine Hendriks



Juf Tanya van Rooyen



Juf Tanya van Rooyen en haar groep "look-alikes"




Tersius Roux



Tersius Roux en Peter Smith



Francois Els



Francois Els en Mnr Peter Smith




DJ Steyn



DJ Steyn en Juf Marina van Zyl



Mnr Johnny van der Merwe



Mnr Johnny van der Merwe en Jané Jv Rensburg

Rugby seisoen afgesluit met dinee



Die eerste rugbyspan van Hoërskool Heilbron het verlede Vrydagaand, 16 Augustus, hul seisoen afgesluit met die jaarlikse Rugbydinee en 'n heerlike spitbraai. Die rugbyspelers het die aand saam met hulle metgeselle geniet. Op die fotobo verskyn die Wildebeeste en metgeselle. Die seuns, afrigters en ouers wil net graag die volgende instansies bedank vir hul bydraes om van die aand 'n sukses te maak: Senwes Silo, Hinterland, BKB Handelstak Heilbron, VKB Handelstak Heilbron, OK Grocer Heilbron, Buffalo Valley Spur, Kopanang, Lee Meats Company en HBA Abattoir. Foto erkening: André Pretorius Fotografie.

Kristen presteer op sportgebied



Op 21 Julie, 16 en 17 Augustus 2019 het Kristen Müller, 'n leerling van Hoërskool Heilbron haar skool verteenwoordig. Sy het aan die twee interstreek tennis uitdaagtoernooie teen Lejweleputsa (Welkom streek) en Thabo Mofutsanyana (Bethlehem Streek) deelneem. Spelers het elk wedstryde in enkels, dubbels en gemengde dubbels gespeel. Hierdie fikse leerling is ook deel van die Fezile Dabi Landloop span wat op 31 Augustus 2019 gaan deelneem.